Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe

Kompas

TEMA:
BYBELSTUDIE

Jaargang 22 no 02
Februarie 2013

Laat wie ore het hoor.. 2

Summary Report Classis North 17 November 2012..... 4

Die Bybelkring van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad..... 5

Vrouevereniging 6

Is Mannevereniging 'n lewende fossiel?..... 8

Verskillende benaderings tot Bybelstudie..... 10

Digitale hulpmiddels vir Bybelstudie..... 13

Die Emmaüs-kursus . 15

Onderhoud met ds JR Visser, predikant van die Gereformeerde Kerk (Vrijgemaakt) Dronten-Noord, Nederland..... 16

Ons kosbare tyd 18

Ja, ons wil die Here ken!

Ons leef in 'n informasietydperk. Dis baie handig. Wanneer ons iets wil weet oor die Eiffeltoring in Parys, oor sonneblomme, oor Picasso of wat dan ook, dan *google* ons gou en daar kry ons genoeg informasie om ons nuuskierigheid te bevredig. Ook op godsdienstige terrein kan ons maar *google*. Wil jy iets weet oor die kinderdoop, oor Sondag of sabbat, gaan op die Internet en daar is meer as genoeg informasie. Gerieflik!

Maar pas op vir die slaggat! Kennis is meer as informasie! 'n Mens het kennis nodig om te beoordeel of die informasie reg is. Is die informasie Bybelgetrou of gee dit 'n dwaling weer? Dalk kom ons met die beste bedoelings op 'n dwaalweg. Daarom bly Bybelstudie so belangrik! Hosea skryf in Hosea 4:6 : "My volk gaan te gronde weens gebrek aan kennis". Laat dit vir ons 'n waarskuwing wees.

Ons sal almal graag Bybelstudie wil doen, want ons almal wil leef soos God dit van ons vra. Daarvoor moet ons bewus tyd inruim.

Gereeld besluit mense om te oefen, maar hulle besef hulle het nie genoeg dissipline om dit alleen te doen nie. Hulle gaan met 'n paar vriende oefen, sodat hulle mekaar kan ondersteun en oproep om te oefen. Jammer genoeg werk dit met Bybelstudie ook so. 'n Mens kan besluit om alleen Bybelstudie te doen, maar dit vra baie dissipline. Dis daarom 'n goeie gewoonte om by 'n Bybelstudiegroep aan te sluit om saam uit die Bybel te studeer. Voor jy so 'n byeenkoms bywoon, sal jy eers persoonlik die onderwerp voorberei, om dit dan tydens die byeenkoms gesamentlik te kan bespreek. So help 'n mens mekaar om in 'n roetine van Bybelstudie te bly. 'n Ander voordeel is dat die verskillende mense van die groep verskillende kennis het. Jy kan by mekaar leer. En jy kan jou vrae met die mense van die groep bespreek. Saam leer julle dan die Here beter ken.

Dis ook belangrik dat daar in gesinsverband met die Bybel omgegaan word. Probeer om meer te doen as om net vinnig 'n stukkie uit die Bybel te lees. Sorg dat daar genoeg tyd is wanneer daar in gesinsverband Bybel gelees word. Laat daar geleentheid wees dat die kinders vrae kan vra. Probeer om dit saam te beantwoord; as niemand weet nie, kyk in naslaanboeke, sodat dit vir die kinders 'n gewoonte word om die Bybelgedeelte wat gelees is, te verstaan.

Wanneer jy persoonlik, of as gesin, besluite moet neem oor sake rakende lewenswandel (bv. beroepskeuse, keuse van huweliksmaat, boeke wat ons lees, flieks wat ons kyk), probeer dan uitvind wat die Here wil dat jy doen. Die besluit word dan dalk nie so vinnig geneem nie. Dis beter om 'n weloorwoë besluit te neem wat die Here welgevallig is as 'n vinnige besluit wat jou op 'n afdraande pad bring.

Ons almal sal met Hosea saamstem: "laat ons dit najaag om die Here te ken" (Hos 3:6).

Heleen Snijder
Lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria

Laat wie ore het hoor!

Uit die Bybel

HOOR hierdie woord wat die HERE oor julle gespreek het, o kinders van Israel, oor die hele geslag wat Ek uit Egipteland laat optrek het, naamlik: Julle alleen het Ek geken uit al die geslagte van die aarde; dáárom sal Ek by julle besoeking doen oor al julle ongeregtighede. Amos 3:1,2

In die dae van Amos het die volke geglo dat elke volk sy eie god het en dat die god daar is om sy eie volk te beskerm, mits jy hom tevrede hou met die gebruiklike offers. Hierdie heidense gedagte het ook in Israel posgevat. Die HERE, die God van Israel, sal altyd sy eie volk beskerm en sal Hom nooit teen sy eie volk keer nie. Ons sien vandag hierdie selfde dwaling, in 'n ander gedaante. God is 'n God van liefde en sal daarom niemand afwys nie. Hy gee elkeen 'n tweede kans. Dit is God se grootste sorg dat elke mens gelukkig word. God is altyd by jou en sal jou altyd help. Dit klink nogal Bybels, maar dit is 'n halwe waarheid en daarom 'n hele leuen. Hierdie gedagte gee mense 'n verkeerde sekerheid.

Israel het geleer om te vertrou op die bloed van die lam. In Amos se tyd het die volk nie meer op God vertrou nie. God was kwaad hieroor.

Israel kon dit geweet het, want God het dit vir Israel geleer. Geleer is dalk nie die regte woord nie, want dit was nie net 'n kwessie van onderwys nie. Nee, dit gaan dieper. God het sy volk verander deur sy bevryding uit Egipte. Hoekom het God Israel uit Egipte uitgelei? Nie omdat Israel beter was as die ander volke nie, maar deur die bloed van die lam. Egipte het vertrou op sy mag, Israel het geleer om te vertrou op die bloed van die lam. Toe God die hoogmoed van Egipte straf met die dood van die eersgebore seuns, het Israel geskuil agter die bloed van die lam, wat hulle op die deurposte geverf het. God het verbygekom en die bloed gesien en verder gegaan. Die bloed beteken: hier is die straf alreeds voltrek. Hulle was nie beter nie, maar die straf is alreeds voltrek deur die lam wat God gee ter versoening vir hul ewe groot skuld! Die lam wat God gee is die gekruisigde!
God het Israel uit Egipteland laat optrek en Israel veertig jaar lank in die woestyn gelei (Amos 2:10). Daar het God vir Israel geleer om op Hom te vertrou en te lewe uit sy hand.

God sê deur die profeet Amos vir Israel: "Ek het julle geleer om nie op julself te vertrou nie, maar om uit my hand te lewe, om te lewe uit die versoening. So het Ek julle verander; so het Ek van julle ander mense gemaak." En al die volke kon dit sien: daar was nie 'n samelewing waar so goed vir die armes gesorg is as in Israel nie. Wat 'n rus, want hulle hoef hulself nie groot te hou nie, hulle het nie nodig om dit self te maak nie – hulle lewe in vertroue. Daarom kan hulle omgee vir armes en swakkes.
Maar in die dae van Amos was Israel glad nie meer 'n voorbeeld nie. Die rykes in Israel het net aan hulself gedink en die armes nog verder uitgebuit. Daar was vir die armes en swakkes in Israel geen enkele beskerming nie. Israel het net die voorbeeld van die ander volke gevolg, terwyl hulle van beter kon weet. Daarom is God dubbel so kwaad vir Israel.

Net dit wat gebou is op Christus, sal standhou.

Die kerk is die volk van God uit al die volke van die aarde. 'n Volk wat nie soos die ander mense vertrou op dit wat hulle in die lewe bereik het nie, maar wat op God vertrou. 'n Volk wat deur God van die wêreld afgesonder is om 'n nuwe samelewing te vestig, gestig op reg en geregtigheid. Ook hier in Suid-Afrika. Die kerk is nie ons bouwerk nie, maar bestaan in Christus Jesus, op grond van die versoening deur die bloed van die lam. Dit is waarmee God besig is. Nie om aan elkeen sy sin te gee nie, maar om 'n nuwe wêreld te stig op reg en geregtigheid. God sal daarom ook elkeen wat Hom voor die voete loop en hulle eie huise verdedig en net vir hulself lewe, uit die weg ruim. Alle menslike bouwerke sal nie

standhou nie, want God sal dit afbreek. Net dit wat gebou is op Christus, sal op die ou einde standhou.

Hoor! Luister! God wys Israel daarop dat dit wat gebeur, waarskuwings van die Here is.

Hoor! Luister! Hierdie woord kom ons in Amos 'n paar keer teë. As jy 'n bietjie deur Amos blaai, sien jy dat hoofstukke 3,4 en 5 met 'hoor' begin. Israel is horende doof en siende blind. Israel sien en hoor nie dat die HERE besig is met die stigting van 'n nuwe wêreld nie. Israel dink dat God net daar is vir hulle. Amos moet Israel wakker skud. Luister tog, Israel. Die klompie vrae wat na Amos 3:2 volg, wys Israel daarop dat die HERE werk. *Sal die basuin in die stad geblaas word en die bevolking nie skrik nie? Sal daar 'n onheil in die stad voorval as die HERE dit nie bewerk het nie? Want die Here HERE doen niks tensy Hy sy raadsbesluit aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.* Eenvoudige vrae. God wys Israel daarop dat dit wat gebeur, waarskuwings van die Here is. God en Israel is op unieke wyse aan mekaar verbonde. As gevolg van die liefdesverbond wat daar tussen God en Israel is, sal God vir sy volk sorg, maar dan het die volk ook die plig om God bo alles lief te hê. Doen die volk dit nie, sal God met sy vloek kom. Dis wat gebeur. Hoor Israel nie die basuin nie? Hoor Israel nie die profete nie? Sien hulle nie die waarskuwings wat God al gegee het nie? In Amos 4 wys die HERE op dit wat Hy alles al gedoen het om sy volk terug te roep, maar hulle het hul nie bekeer nie. Luister nou tog!

Dieselfde oproep kom ons teë in die briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië. "Laat wie ore het, hoor wat die Gees tot die gemeente sê".

Dieselfde oproep kom ons teë in die briewe aan die sewe gemeentes in Klein-Asië. "Laat wie ore het, hoor wat die Gees tot die gemeente sê". Laat ons ons oë oophou vir wat God in ons lewe doen om ons te waarsku vir die naderende einde. Want daar gebeur niks by toeval nie. Die hand van die HERE is in alles. Maar hoor ons die basuin blaas? Sien ons hoe God besig is om te werk na die nuwe hemel en die nuwe aarde? Sien ons hoe God die hoogmoed en trots van die mens elke keer weer afbreek om ons te waarsku dat dit in sy koninkryk nie sal standhou nie? Daar is genoeg voorbeelde uit die geskiedenis. Die kommunisme het gedink dat hulle die nuwe wêreld kon stig; God het dit inmekaar laat stort. Noord-Korea is die laaste bolwerk van die kommunisme en hulle kan net standhou met misleiding en onderdrukking. Maar het dit nie ook in Suid-Afrika gebeur nie? Apartheid was die oplossing vir Suid-Afrika, maar dit kon net standhou met onderdrukking. En toe die ANC aan die mag gekom het, het hulle gedink dat hulle Suid-Afrika 'n pragtige toekoms kon gee, maar korrupsie en selfverryking steek dadelik kop uit. God breek alles af as mense nie op Hom vertrou nie, maar dink hulle kan dit self doen. Hoor, Israel, God het dit gesê. Kyk hoe God besig is. Laat wie ore het, hoor wat die Gees tot die gemeente sê.

***Ds Jelle Drijfhout**, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

Afsnydatum vir die volgende uitgawe van KOMPAS:
6 Februarie 2013

Artikels moet na volgende e-posadres gestuur word:
kompas@vgk.org.za

Summary Report Classis North 17 November 2012

Kerknuus

Soshanguve GG is the convening church. Rev BA Matlaela is chairman and he opens the meeting in a Christian manner. Rev JJ Drijfhout is 2nd chairman. The following delegates are present:
FRC Soshanguve North : Rev BA Matlaela and elder T Tamane.
FRC Pretoria : Rev JJ Drijfhout and elder K Pouwels.
FRC Mamelodi : No delegates.
FRC Pretoria-Maranata : Elders GR Bouwmeester and G Hagg.
As advisors are present: Rev MP Magagula, Rev GF Mnisi, Rev T de Boer and Rev PG Boon.
Sermon discussion is the first topic. Rev JJ Drijfhout has submitted a sermon about Nehemiah 2:20a. The discussion takes place according to accepted guidelines. In the past there have been discussions about sermons from pastors who have long since passed away. This is the first time that a sermon is discussed of a minister who is present. Don't expect a summary of this discussion here; suffice to say the time was well used. There was appreciation, some questions and also a few suggestions for improvement.
The final text of **Classis Rules**, as discussed at the previous meeting, is now accepted. There are no secrets in there, so feel free to ask a copy in case you are interested.
Rev T de Boer handed in a report in connection with **Mamelodi**. At the organisational level good progress has been made and the plan is to elect office bearers in January 2013. However, people have been hurt in the process and healing of this will take more time.
Previous Classis meeting asked **Deputies Social Upliftment** for a progress report. The feedback given is that deputies were not able to function and that three of the five appointed members resigned. The meeting decides to invite the remaining members to come with a proposal on the road forward and to also invite them to next Classis meeting.
The Afrikaans speaking churches have their own booklet with **Liturgical Forms** (for Lord Supper, Baptism, etc.). Pretoria hands in a proposal to use the forms as they are found in the Psalm book of the Reformed Churches in SA. The reason being that there are no fundamental differences between our own Booklet and the forms in the Psalmbook. The meeting advises Pretoria to send this request to Synod Deputies Liturgical Forms so that they can take this to Synod in 2014.
Br Sam Matlhokoane handed in a request for extending his eligibility for a call by a year. The request is approved, considering the reasons given. Br Sam will now be eligible until the end of June 2013.
FRC Pretoria is the next convening church, DV 16 February 2013 at 09:00.

***Tjeerd de Wit**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

●●●

Ds Erik van Alten het die beroep wat die Gereformeerde Kerk Barneveld-Voorthuizen op hom uitgebring het, aanvaar. Ds Van Alten sal in Kiev (Oekraïne) as dosent werksaam wees aan die teologiese opleiding aldaar. Die redaksie wens hom en sy gesin sterkte toe met die afskeid hier in Suid-Afrika en wens hulle God se seën toe in die mooi werk wat ds Van Alten daar mag verrig.

Die Bybelkring van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad

Bybelstudie

Vanuit die staanspoor is besef dat dit belangrik is om as broers en susters saam die Bybel te bestudeer, as aanvulling op die Sondagse Woordverkondiging.

Op 2 Maart 1952 is die Vrye Gereformeerde Kerk van Kaapstad geïnstitueer. Dit was in Crawford in die suidelike voostede van Kaapstad. In dieselfde tyd is die Bybelkring Johannes Calvyn opgerig. Vanuit die staanspoor is besef dat dit belangrik is om as broers en susters saam die Bybel te bestudeer, as aanvulling op die Sondagse Woordverkondiging. Dit is nie altyd maklik om as man en vrou in die aand saam van die huis weg te wees nie, maar die gesamentlike Bybelstudie van man en vrou is as waardevol ervaar en versterk die onderlinge geestelike band.

In 1965 is die kerkgebou in Andersonstraat in Goodwood van die Departement van Gemeenskapsbou aangekoop. Dit was egter in die noordelike voorstede waar`n toenemende aantal lidmate gewoon het. In 1966 het die gemeente soveel gegroei dat `n tweede Bybelkring in die noordelike voorstede opgerig kon word. Die vereniging is opgedeel in `n afdeling Suid en `n afdeling Noord. Later is Noord weer opgedeel in afdeling Goodwood en afdeling Bellville. Afdeling Suid is ten slotte opgehef. Na verskillende tussentydse veranderings is daar nou vier Bybelkringafdelings: Goodwood, Bellville, Brackenfell en Proteahoogte. Vir susters wat nie op dieselfde aand as hulle mans kan vergader nie, is in 1980 ‘n sustersvereniging opgerig, op inisiatief van ons predikantsvrou sr Los.

In die begin was die leiding op die vergaderaande baie formeel. Daar is getrou inleidings gemaak. Alle vrae is aan die voorsitter gestel, wat weer die lede aan die woord gestel het vir antwoorde. Notule is gemaak en op die volgende vergadering voorgelees. Deurgaans is van sketse en verklarings gebruik gemaak om `n inleiding te maak en voorstudie te doen. Deesdae is daar geen notule meer nie. Die bespreking is deesdae ook baie vryer en wyer, maar nie altyd diepgaander nie. Soms is daar nie `n inleiding nie en word die onderwerp gewoon bespreek.

Hulle wat nie deelneem aan hierdie groeps-Bybelstudie nie, ontsê hulself `n moontlikheid van beter geestelike lewe.



Die sosiale kontakte bly belangrik. Gesamenlike vergaderings van die afdelings was vroeër gereeld gehou, maar is deesdae seldsaam. Van die ou sketse word nie meer gebruik gemaak nie. Wel word dikwels `n boek gebruik. Die regstreekse behandeling van ‘n gedeelte uit die Bybel geniet egter die voorkeur by die lede. In totaal, met die sustersvereniging ingesluit, is daar nou ongeveer 100 lidmate wat deelneem aan groeps-Bybelstudie. In vergelyking met die 270 belydende lidmate is dit maar skraal (minder as 40%). Hulle wat nie deelneem aan hierdie groeps-Bybelstudie nie, ontsê hulself `n moontlikheid van beter geestelike lewe. Hulle wat besluit om ver van die kerk te gaan woon, maak dit vir hulleself ook moeilik om die Bybelstudieaande by te woon. Daarby is besoeke aan siekes en eensames, wat op Bybelkringe aangemoedig word, vir hulle ook moeiliker, en as hulle self siek of eensaam word, is dit ook `n probleem vir die ander lidmate.

***Anton van Renssen**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad*

Vrouevereniging

Bybelstudie



‘n Bekende selfstandige naamwoord in ons kringe. Vrouevereniging. Ook tipies uit die gereformeerde tradisie. En dit kan dan ook so gesien word: ‘n ou gewoonte wat sy tyd gehad het. Iemand wat die woord ‘tradisie’ egter reg verstaan, sal die goeie gewoonte van vroue wat saam vergader rondom die Woord om met oë gerig op die hemel elke dag met twee voete op die aarde te staan, baie beter waardeer as net ‘n stowwerige gewoonte. Want, moet u verstaan, Vrouevereniging het grond, het basis, het bestaansreg omdat dit vanuit geloof in die weg van heiligmaking gegroei het. Daar waar die wapenrusting aangetrek word. Daar waar geoefen word om die wapenrusting te gebruik.

Die oorsprong van die Vrouevereniging vind ons so ver terug as 1918. Onder aanvoering van Henriëtte Kuyper, die dogter van die predikant-staatsman Abraham Kuyper, is die “*Bond van Meisjesvereenigingen op Gereformeerden Grondslag”* gestig. **Gereformeerde meisies is in die meisiesvereniging voorberei op hulle toekomstige taak as vrou, in kerk, gesin en die samelewing.**

Logieserwys het die Vrouevereniging vanuit hierdie vereniging ontstaan. Die taak as vrou in kerk, gesin en samelewing hou tog nie op nie en daarom het jong meisies gewoon verder gegaan as jong vrouens. Onderlinge gemeenskap wat gegroei het, en ook voortsetting van onderlinge steun en gesprek op ‘n georganiseerde wyse. Dit het vorm bly gee aan die opdrag om vir mekaar ‘n hand en ‘n voet te wees. Veral die gesamentlike beskouing van die samelewing deur die bril van die Skrif het verder gestalte gekry.

Hoekom juis ‘n Vrouevereniging? Waarom nie ‘n gemengde vereniging, of ‘n jongerevereniging, of ‘n studentevereniging, of pasgetroude vereniging nie? Dit is nou juis die punt wat ‘n Vrouevereniging so besonders maak. Ons is almal geneig, oftewel die meeste van ons, om in ‘n groep gelykdenkendes te beland en dit selfs op te soek. Ons kan dit sien aan die vriende wat ons kies, die klubs waarby ons aansluit, sport, leeskring, stokperdjies, ensovoorts. **As Christene is ons gemeenskap egter nie gebaseer op voorkeure en smake nie.** Ons is as Christene almal EEN in Jesus Christus. Een grond, een fondament waarop ons almal saam mag staan. Maar ons is beslis nie almal dieselfde nie. Verskillende ouderdomme, agtergronde en belangstellings. Daarom is ‘n Vrouevereniging so belangrik, omdat al hierdie verskillende mense daar bymekaar gebring word rondom God se Woord onder die een Noemer, Jesus Christus. Op ‘n vereniging mag ons die Woord bestudeer, dus daar gaan ons saam in diskussie, besin ons oor wat die Woord van die Here sê en hoe dit beslag kry in ons lewens as vrouens in die koninkryk van ons Here.

Rondom God se Woord staan ons mekaar by juis omdat daar groot diversiteit onder die vroue is wat hierdie verenigings bywoon. Ongetroudes, pasgetroudes, lankal getroudes, jong moeders, gesoute moeders, oumas, weduwees. Die een is dus ‘n hand en ‘n voet vir die ander en so kan ons mekaar op verskillende vlakke en met verskillende insigte verder help om die waarheid in Christus te soek. Nie alleen in die ondersoek van die Skrifte nie, maar ook met elke dag se probleme. Soos al genoem: Ons is tog en het tog een ding bo alles in gemeen: ons is almal susters in Christus.

Nuwer of ander verenigings of Bybelstudiegroepe het tog die neiging om meer op basis van onderlinge verhoudings, belangstellings, dieselfde denkrigtings en dies meer te ontstaan. En natuurlik word die Woord ook bestudeer en ondersoek, maar u kan wel bemerk dat die begin, die oorsprong tog anders is. Onderlinge ondersteuning en ondersoek van die Skrifte is steeds op dieselfde vlak, bv. almal is studente, dus almal ervaar dieselfde probleme, die ondersteuning is dan inderdaad op so ‘n wyse: ondervind jy dit ook so, is jou lektor ook so, sukkel jy ook so met hierdie gedeelte in die Skrif? Inderdaad is dit aanvaarbare vrae, maar waar vind ons dan die antwoorde hiervoor? Daar is die groot gevaar dat dit meer en meer oor die groep se beperkte gemeenskaplike gevoelens en gemeenskaplike ervaring gaan, en so gou is dan die gevaar daar dat daar net met studente-oë na die Skrifte gekyk word. Die Skrif volgens die student. Hierdie gevaar bestaan natuurlik vir enige ander beperkte belangstellingsgroep.

By die Vrouevereniging, andersyds, is daar geen ander dryfvere of motiewe as net die gemeenskap van susters in Christus nie. Die oueres ondersteun die jongeres, hulle deel hul wysheid, die jongeres verduidelik aan die oueres hoe sekere dinge vandag anders is, die met jong kinders klop aan by diegene met ouer kinders, diegene sonder kinders het soms ‘n baie beter insig van buite af. Gesamentlike belang berus nie by een of ander sosiale of maatskaplike status nie, maar primer omdat ons susters is.
Jy kan jouself afvra of dit Vrouevereniging is? Ja tog, **vanuit die deeglike Bybelstudie is dit ook die “veiligste” plek waar jy met jou probleme en moeites mag heengaan**, ‘n beslote groep, waar jy weet die raad en advies wat jy hier sal vind, is gegrond op die Woord van die Here. Om saam te kom in gebed voor Hom. Waar ons nie hoef uit te reik na allerhande artikels en advies uit tydskrifte wat alles slegs met wêreldse oë bekyk en dan nog wêreldse kitsoplossings gee vir alle probleme nie. Vanuit die Skrifte in die praktyk van elke dag. Vanuit die Skrif-oefening die godsvrug.
Daar word gevra: wanneer maak ek dan hierdie oorgang van Jeugvereniging na Vrouevereniging? Gaan ek nie bedreig voel deur die “ouer”susters wat moontlik meer as ek weet nie? Ons vind in die Skrif waar die ouer susters juis aangespoor word om die jonger susters te onderrig in Titus 2:3 : “Die ou vroue moet ook in hulle gedrag wees soos dit die heiliges betaam, geen kwaadspreeksters of aan baie wyn verslaaf nie, maar leraresse van wat goed is, sodat hulle die jong vroue kan leer om versigtig te wees, hulle mans en kinders lief te hê, ingetoë te wees, kuis, huislik goed, aan hul eie mans onderdanig, sodat die woord van God nie belaster word nie.” Luister maar, leer maar. Daar is steeds nuwe jong mense wat by die Jeugverenigings gevoeg word soos wat hulle die ouderdom bereik om van klein Jeugverenigings (KJV) oor te gaan na die ouer Jeugvereniging (JV), vandaar is dit dan ook amper ‘n normale oorgang na die Vrouevereniging en hoef daar nie jare te wees wat daar die gevoel is van “te oud vir Jeugverenging” maar “te jonk vir Vrouevereniging” nie, nee, jou rol as jeugdige vloei voort in ‘n nuwe wêreld waar jy as “vrou” verder gaan met ander uitdagings in kerk en samelewing.
Iets moois wat vanuit die Vrouevereenigings ontwikkel het, is die Vrouesaamtrekdag wat jaarliks gehou word. Amper outomaties het dit alle vroue betrek, aangesien die meeste vroue, oud en jonk, lid was van ‘n Vrouevereniging. Met die huidige vergrysing deur die nuwe tendens van Bybelstudiegroepe, lyk dit soms asof hierdie susters hulle ook nie geroepe voel om hierdie Vrouesaamtrekdae by te woon nie, maar om dit eerder te sien as iets wat aan die “Vrouevereenigings” behoort, en daarmee saam die mispersepsie – want dit is mos iets wat jy bywoon as jy “oud” is. Dit is ‘n groot jammerte, aangesien jy hier weer eens alle vroue (susters in geloof) van alle verskillende ouderdomme om een onderwerp sien, om te spit, te delf en te soek, en die geheimenisse van die Skrifte te ontdek om hulle weer toe te rus vir elke dag se verantwoordelikhede. Met hierdie “susterdae” is daar ook outomaties ‘n band met ander susters in ons eie land, en selfs oorsee waar ons mekaar uitnooi na mekaar se “susterdae”, soos dit verskillend genoem word, in Australië “Woman’s League Day”, in Nederland “Vrouebondsdae”. So weet ons onsself verenig, weer eens met slegs een ding in gemeen en dit is: een in Christus bouend op sy fondament.
Dit is dan ook baie belangrik as Ma van ‘n huisgesin met dogters, om mekaar aan te moedig om ‘n Vrouevereniging te besoek, en as jy steeds verkies om die Bybelstudiegroepe by te woon, om dan tog die Vrouesaamtrekdae by te woon, om te vergader as susters in geloof. Die voorbeeld van die ouer red geensins die kinders nie, maar ons het as ouers wel almal beloof om ons kinders volgens sy wil groot te maak. **Kan ons ‘n Vrouevereniging dan as verpligtend sien? Nee, dit kan seker nie. Tog laat ek daarmee ‘n geleentheid verbygaan om as susters in die Here Jesus Christus mekaar by te staan in die groei as susters en vrouens, met ons eie roeping en take, in sy koninkryk.** Om as susters onsself te beklee met sy Wapenrusting soos ons dit vind in Efesiërs 6:10-20. Om so die wêreld in te gaan, gereed vir die aanslae van “die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug.”

***Sr Marga Anholts**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Johannesburg*

Is Mannevereniging ‘n lewende fossiel?

Bybelstudie

Dis ‘n warm Woensdagaand in November. Die Mannevereniging vergader in die kombuissaal van die VGK Pretoria. Ons is hierdie keer slegs 5 manne wat byeen is en omtrent die helfte daarvan is al op pensioen. Die afgelope jaar was die belangstelling soms beter, maar ons was nooit meer as 9 manne nie. Die keer toe die ouderling ons (wou) besoek het – dit was ‘n koue wintersaand – was daar slegs 2 manne en het ons nie eens vergader nie. So 15 jaar gelede was daar beslis meer belangstelling vir Bybelstudie op ‘n Mannevereniging as vandag.

‘n Ander plek en ‘n ander tyd. Die plek is Greytown en die sameroeper is Angus Buchan – die boer/evangelis. Die geleentheid is die Mightly Men-konferensie. Die laaste keer toe dit gehou is (2009), was daar meer as 200 000 manne bymekaar. Manne is bereid om vir ‘n paar dae sonder veel luukses op die plaas te kampeer om onder andere saam Bybelstudie te doen. Klaarblyklik is daar ‘n sterk behoefte aan praktiese Bybelstudie en die beoefening van die geloof in ‘n wyer kring.

Wat doen die Manneverening verkeerd? Hoe kan ons deelname stimuleer en watter oplossings is daar? Of moet ons maar liewer ophou? Uiteraard het die Mannevereniging hieroor besin en ons sal in hierdie artikel na enkele aspekte kyk.

> Ons ervaar ons byeenkomste as sinvol en verrykend.

Maar vooraf eers iets anders. Ons besoek die Manneverening vrywillig. Die besondere is egter dat ons dit geniet. Ons ervaar ons byeenkomste as sinvol en verrykend. Dikwels leer ons iets nuuts. Maar ook ervaar ons die rykdom van ‘n geloofsgemeenskap. Ons deel ervarings en stimuleer mekaar. Ons het selfs eendag die Mannevereniging in ‘n versorgingshuis gehou ter wille van ‘n inwonende gemeentelid. Om met ‘n klein aantal persone Manneverening te hou, is op sigself nie so sleg nie. Die kleiner deelname stimuleer eerder gesprek en uitwisseling van

ervarings.

Laat ek eers iets vertel oor die praktiese funksionering van ons Mannevereniging. Ons het – soos ander Bybelstudieverenigings – afgesien van die tradisionele vergadervorm. Ons hou meestal nie inleidings nie. Ons bespreek een of twee hoofstukke uit die Bybel – gewoonlik vers vir vers. Soms hou ons ‘n inleiding oor ‘n aktuele saak. Gewoonlik word die inleiding dan vooraf aan lede uitgestuur. Ons het min formele struktuur. Diegene wat daarvoor kans sien, neem ‘n voorsittersbeurt waar. Ons maak ook nie notule nie. Wat ons gesprek betref, is dit ‘n gesamentlike poging. Ons probeer om by die hoofpunte te bly, ons probeer om diegene wat min praat, aan te moedig om deel te neem; en soms is dit ook nodig om die veelpraters af te rem. Ons vergader nie onnodig lank nie. Ons vergader elke 2de week op Woensdagaande: ons begin 19:45 en eindig sowat 2 uur later.

Ons het al kritiek gekry: vergadering is nie inspirerend nie, ons gebruik nie multi-media nie, ons stimuleer nie die gebruik van bronne nie, en ons besprekings is gans te voorspelbaar. Kortom, ons vergaderings is vaal en vervelig – vasgevang in uitgediende patrone van die verlede. Iemand het dit as volg opgesom: “The system is perfectly designed to produce the result you’re getting”. Anders gestel: ons is te min doelgerig en ons strukture (of die gebrek daaraan) en die gebruik van hulpmiddels is swak. Daarom bereik ons nie veel nie. Daar is waarheid in hierdie aantyging. Omdat ons geen formele bestuur het nie, is daar ‘n gebrek aan leiding en struktuur. Ek dink ons doen te min in verband met deeglike jaarbeplanning en die uitsoek van studiebronne.

Wat probeer ons bereik? Ons doen Bybelstudie omdat die Skrif “deur God ingegee” is en wysheid bevat wat ons menslike vermoë ver oortref.

Maar ons onderliggende doel is wel duidelik. Wat probeer ons bereik? 2 Timotheüs 3:16-17 sê: “Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”.
Ons doen Bybelstudie omdat die Skrif “deur God ingegee” is en wysheid bevat wat ons menslike vermoë ver oortref. Maar die verstaan van die Bybel vereis toewyding en soms harde werk. Ons werkswyse is dat ons vooraf selfstudie doen, sodat ons die belangrikste temas verstaan en probleem-areas kan identifiseer – en oplos. Daarna bespreek ons dit gesamentlik. Twee is beter as een. Omdat die Skrifgedeelte self ons beginpunt is, maak elke lid gebruik van die middele tot sy beskikking – waaronder elektroniese materiaal.
Ander kritiek wat ons as Manneverenging gekry het, is dat ons “akademiese gesprekke” voer. So dor en droog soos die Dordtse Leerreëls. Soos die Fariseërs van ouds sou ons ‘letter en woordgevegte’ hou. Ons keer dan huistoe – die wenner voldaan dat hy dit weer eens reggekry het om broeder X in ‘n hoek vas te druk terwyl die verloorder sy wonde lek. Ek moet toegee dat die soort sake soms wel gebeur. Ongelukkig gebeur dit ook dat ego’s opgeblaas – of afgeblaas – word. Omdat sommige persone makliker kritiek kwytraak, kan dit soms te skerp wees. En omdat ander persone soms moeilik kritiek kan verwerk, lei dit soms tot probleme.
Maar daar is ook ‘n ander kant. Ek dink die positiewe sake oorskadu grootliks die negatiewes.

- Ons probeer om prakties te wees. Ons roeping is om “..volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus”. Ons wil graag weet wat sê die Skrifgedeelte oor ons lewe van elke dag. Ons het byvoorbeeld in die verlede al die Dordtse Leerreëls behandel. En raai wat? Dit is allermins dor en droog! Dit is lewens-eg en handel ook oor hoe ons daaglikse omgang met die Here moet wees.
- Ons beoefen die gemeenskap van geloof. Hebreërs 10:24 sê: “... laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor “. Ons probeer dit gesamentlik doen. ‘n Mens leer jou medebroeders goed ken. Soms deel ons probleme. Ons leer uit ‘n ander se ervaring. Ons bid saam. Wat ook mooi is, is dat ons vir mekaar oopmaak. Ons probeer om te fokus op groei in die geloof en om mekaar aan te spoor.

‘n Laaste punt van kritiek op ons funksionering as Manneverenging is dat ons te min doen om ons werk onder gemeentelede te propageer. Ek dink hierdie kritiek is tereg. Ons publiseer ons vergaderdatums in die gemeenteblad, en doen per geleentheid ‘n oproep om deelname, maar daar is nie veel meer nie. Diegene wat nie voorheen by die Manneverenging betrokke was nie, is dikwels verras dat die Manneverening tog werk! Ek dink die Manneverening het iets om te bied.
Is ‘n afsonderlike Manneverenging ‘n verouderde vorm? Is persoonlike Bybelstudie nie baie meer effektief nie? Ek dink dat persoonlike Bybelstudie ‘n noodsaaklike voorwaarde is vir deelname aan die Manneverenging. Dit moet in elk geval gedoen word om na behore voor te berei. Maar Bybelstudie is meer as kennis – selfs geloofskennis. Die Manneverenging voeg ‘n geloofsgemeenskap by. Ons wil die geloof met mekaar deel en mekaar aanspoor.
Die funksionering van die Manneverenging word beïnvloed deur die wêreld waarin ons leef. Manne is dikwels onder druk om tyd af te staan vir Bybelstudie. Manne wat dien op die kerkraad, of ander kerklike kommisies, het gewoonlik min vrye tyd. Die eise wat die gemeenskap aan ons stel, neem toe. Eise in terme van werksdruk en voortgaande opleiding. Maar ek dink dit weerspieël ook ‘n geloofskultuur wat verander. Vroeër was daar ‘n baie sterker gemeenskapsgevoel. Ons huidige leefwêreld is baie meer geïndividualiseer: *Ja, ek doen Bybelstudie, maar ek doen dit persoonlik. Dit werk baie beter vir my.* Ek is bevrees dat dit die Manneverenging ondermyn.
Maar uiteindelik vra ‘n mens: Wat is vir my belangrik? En nie alleen vir my nie, maar ook vir my medebroeders.

***Harry Bijker**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

Verskillende benaderings tot Bybelstudie

Bybelstudie

Afhangende van die uitkomste wat bereik wil word, verskil ons fokus ten opsigte van die benadering en metode van Bybelstudie. Samevattend kan die gevolgtrekking gemaak word dat Bybelstudie staan in diens van die onderrig en verkondiging van die evangelie (die vermeerdering van ons kennis van God), sodat Hy reg gedien word. Dit staan in diens van die vermeerdering van die liefde in Christus en die opbou in die geloof (die groei van die geloofgemeenskap). Dit staan in diens van ons diensbaarheid aan die samelewing waarbinne ons leef, om ander te laat deel in ons rykdom.

Die vyf voorbeelde of vyf benaderings wat hier bespreek word, is in mindere en meerdere mate self beproef. Dit sluit bymekaar aan en vul mekaar aan.

1. Studie van die Skrif in openbarings- en heilshistoriese lyne en kontoere – voorbeeld: die Bybelstudie oor Ou en Nuwe Testament deur ds Jasper Klapwijk.
2. Tematiese Bybelstudie – toerusting van die gemeente oor ‘n bepaalde saak, voorbeeld oor die amp van die ouderling.
3. Studie van die voortgang van die Evangelie in die geskiedenis – studie van die kerk- en dogmahistoriese omgaan met die Skrif.
4. Studie van tekste vanuit ‘n taalfokus – voorbeeld: die Veritas-kursus.
5. Oriënterende teologiese vraagstelling aan en perspektief op die Bybel – kritiese en selfkritiese nadenke oor die gelowige en die kerk se roeping.

1. Studie van die Bybel in terme van heils– en openbaringsgeskiedenis

Dit gaan om die bestudering van die Bybel as EEN boek.

Hierdie Bybelstudie het sy ontstaan in ‘n kursus wat ds Jasper Klapwijk van ons Nederlandse susterkerke by ‘n teologiese kollege van Pinksterkerke aangebied het. Ek het daarmee kennis gemaak in Nederland toe dit binne ons susterkerke aangebied is. Dit is aangebied in die sending- en evangelisasiesituasie van die Kaapse Vlakte. In 2011 is dit aangebied as gemeente-Bybelstudie in die VGK Bethal. Vanaf 2011 word dit ook aangebied vir ‘n “interkerklike” vroue-Bybelstudiegroep in Bethal.

Die kursus bestudeer die heilsgeskiedenis in sy eenheid en voortgang in die Skrif. Dit word as een verhaal bestudeer, naamlik God se redding van mense van die begin tot die einde, in Ou en Nuwe Testament; daar is een Persoon waarom dit gaan, naamlik Jesus Christus soos Hy Homself geopenbaar het in Ou en Nuwe Testament. Dit gaan om die bestudering van die Bybel as EEN boek. Heilshistoriese lyne word deurgetrek. Die lyn van die vrou en haar saad word skerp gestel teenoor die lyn van die slang en sy saad. Vanuit hierdie aanpak word elke Bybelboek en Skrifgedeelte tyds- en literatuurgewys binne die konteks van die geheel van die Skrif gesien. So word reg gedoen aan die Skriftuurlike gegewe en die reformatoriese belydenis van die Bybel. Die doel van die kursus kan soos volg saamgevat word: dit leer jou die Bybel (reg) lees.

Die kursus is op so ‘n manier saamgestel dat dit vir verskillende deelnemergroepe aangepas kan word sonder om die hele kursus vir elke situasie oor te skryf. Dit bestaan uit ‘n dataprojektor- aanbieding, waar die groot lyne getrek word en ter stawing ook tekste op die skerm vertoon word. Daar is ‘n handleiding vir deelnemers. Die handleiding bied ‘n volledige uiteensetting van elke “les”, met besprekingsvrae aan die einde. Die tuisopdrag van leeswerk in die Bybel vir die volgende les word gegee. Die leeswerk in die Bybel vereis dikwels een hoofstuk per dag. In die gemeente van Bethal is dit te veel gevra, vooraf leeswerk is dus verminder. In die vroue-Bybelstudiegroep is die instelling dat dit goed sou wees om voor te berei, maar in praktyk kom niemand daarby uit nie. In die sendingsituasie van Belhar was leesvaardigheid so gebrekkig dat heeltemaal afgesien is van tuisopdragte.

Deurdat relevante tekste op die skerm vertoon word en tekste nageslaan word, het dit in Belhar

stimulerend gewerk ten opsigte van die lees van die Bybel. Vir die vroue-Bybelstudiegroep in Bethal word daar weens die ruimteprobleem (dit word in die sitkamer van ‘n woonhuis gehou) nie ‘n data-projektor-aanbieding gedoen nie. Die handleiding blyk voldoende te wees.
Die kursushandleiding sowel as die data-aanbieding is in Afrikaans vertaal. Dit is ongelukkig nog nie in boekvorm uitgegee nie. Daar is van ds Klapwijk toestemming verkry om die materiaal te gebruik.
Die kursus rus deelnemers toe om met groter vrymoedigheid die Bybel te lees en te gebruik. Gelowiges word toegerus om prediking te toets aan die Woord van God, soos deur iemand van ‘n Pinkstergroep opgemerk is. In die gemeente van Bethal het ‘n lidmaat opgemerk dat hy vir die eerste keer die boek Openbaring op die regte wyse lees en hy vertroosting in die boek vind. In die interkerklike vroue-Bybelstudiegroep op Bethal word uitgespreek dat hulle die Ou Testament weer ontdek. Lyne wat regdeur die Bybel loop, is vir mense ‘n vars insig, ‘n wonder. Die Bybel is nie ‘n geheimsinnige boek wat te moeilik is om te verstaan nie, maar helder en duidelik en ryk in inhoud.
Met hierdie metode kan dan vir toekomstige Bybelstudie ‘n Bybelboek op ‘n keer geneeem word en heilshistories in diepte bestudeer word.

2. Tematiese Bybelstudie

Die tema moet aan die hand van die oop Bybel deurgetrap word.

Na aanleiding van spesifieke behoeftes aan kennis in die gemeente, byvoorbeeld oor die amp van ouderling, word ‘n spesifieke tema oor enkele weke behandel. Alhoewel dit benoem kan word met die benaming van “toerusting van ampsdraers”, is dit belangrik dat die gemeente betrek word. Die huidige of toekomstige ampsdraer moet toegerus wees, maar ook die gemeente wat die ampsdraers ondersteun en hulle leiding navolg. Belangrik is dat daar studiemateriaal verskaf word en bespreking van die onderwerp uitgelok word.
Op kort termyn kan beplan en ‘n tema aangebied word wat behoeftes in die gemeente aanspreek en wat nie met prediking en huisbesoeke voldoende uitgeput kan word nie.
Temas soos nagmaal en doop en artikels uit die Kerkorde is van groot waarde vir die opbou van die gemeente. Daar behoort altyd sorgvuldig gewerk te word om nie net enkele Skrifverwysings te gebruik nie, maar vanuit deeglike eksegese van ‘n aantal Skrifverwysings. Dit kan tydrowende voorbereiding vra. Gelukkig is goeie hulpmiddels vir Bybelstudie meestal beskikbaar.
Die tema moet aan die hand van die oop Bybel deurgetrap word. Hierin was die reformatore vir ons die goeie voorbeeld met hulle omgang met die Bybel. Hulle het ‘n aantal tekste oor ‘n tema versamel, sorgvuldig eksegese gedoen en dit dan ge-integreer en die tema bespreek. Die gevaar is dat ons vanuit ons voorveronderstellings en op die klank van die Skrif af die Skrif buig en inlees vanuit ons tema.

3. Studie van die voortgang van die Evangelie in die geskiedenis

God maak die geskiedenis: kerkgeskiedenis en wêreldgeskiedenis, en ons beoordeel die geskiedenis aan die hand van die openbaring in die Skrif.

Met die kursus van ds Klapwijk word die Bybel in openbaringshistoriese perspektief bestudeer. Ons bely dat die besondere openbaringsgeskiedenis afgesluit is met die kanon van die Skrif. Maar die geskiedenis gaan voort tot op die dag van Christus se wederkoms. God maak die geskiedenis: kerkgeskiedenis en wêreldgeskiedenis, en ons beoordeel die geskiedenis aan die hand van die openbaring in die Skrif. Daarvoor het die studie in die kerk- en dogmageskiedenis groot nut.
Ons eie tyd word deur gelowiges nie altyd duidelik gesien teen die agtergrond van God se leiding van die geskiedenis, sy voorsiening in Jesus Christus, die roeping van die gelowiges in die daaglikse lewe nie. Die probleem kan getipeer word met die begrip “gebrek aan historiese besef”. Daarby het die verhaling van die geskiedenis die funksie dat die verlede vanuit die Skrif beoordeel word en dat geloofmatig sin gegee word aan die geskiedenis.
Kerkgeskiedenis behoort kronologies bestudeer word. In Bethal is begin met die bestudering van die

geskiedenis van die eerste Christelike gemeente in Jerusalem waarvan ons in Handelinge lees. Daar oorvleuel die normatiewe van die openbarings-geskiedenis met die geskiedenis oor die vroeë kerk. ‘n Tydperk word geneem en in die studiemateriaal tipeer en oorsigtelik beskryf. Enkele vertalings van dokumente of dele van dokumente uit daardie tydperk wat ‘n strydpunt of wending beskryf, of deel was van die saak wat ter sprake was, word aan die deelnemers gegee. Die dokument/e word dan bespreek. Dit bepaal die Skrifgedeeltes wat gekies word. Vanuit die Skrif word die dokument en die geskiedenis beoordeel.
Dokumente wat gebruik word, sluit in belydenisse, preke, briewe, geskrifte of dele daarvan, rede-voerings, besluite, ens. Dokumente word teen die historiese agtergrond van hulle tyd beskou. So word verstaan van die reliëf van die geskiedenis bevorder, oftewel verstaan van die historiese konteks, om mis-bruik van die geskiedenis te voorkom.
Wat opval van hierdie benadering, is dat deelnemers afwykings van die leer wat vandag voorkom, in die wortels van bewegings van destyds herken.
Die kerk word as kerk van Christus waardeer, sonder Hom sou die kerk ondergegaan het. Kerkgeskiedenis is die geskiedenis van God en sy volk in die verbond, maar ook die geskiedenis van die heiliges se mislu-king, en dan ook God in sy genade wat telkens met ‘n oorblyfsel verder gaan. Die kerk wat ons bely, word telkens teenoor die dwaling gestel.

4. Studie om die teks betekenismatig, taalkundig, te verstaan – die Veritas-kursus

‘n Teks word bestudeer binne historiese en letterkundige konteks, in terme van die heilshistoriese lyn, met gebruikmaking van struktuuranalise van die gedeelte.

Die Veritas-kursus is ontwikkel deur dr Bennie Wolvaardt, vroeër predikant van die NG Kerk, dosent van Campus Crusade, en tans direkteur van Veritas College.
Dit bestaan uit vier modules wat die Nuwe Testamentiese Briewe, Verhalende stof van die Ou Testament, die Evangelies en die Profete bevat.
‘n Teks word bestudeer binne historiese en letterkundige konteks, in terme van die heilshistoriese lyn, met gebruikmaking van struktuuranalise van die gedeelte. Woorde word verstaan en vertaal vanuit die konteks, en vanuit die struktuur van die teks. Die deelnemers werk natuurlik met ‘n vertaling van die teks. Hier kan die kursusleier ‘n belangrike bydrae lewer vanuit die oorspronklike teks.
‘n Tekortkoming is dat die grammatikale aspekte van die woorde in die teks nagelaat word. Dit het ‘n definitiewe invloed op die verstaan en regte vertaling van die teks.
‘n Klein onderdeel van die module oor die Nuwe Testamentiese Briewe is as proef in Belhar aange-bied as onderdeel by die kursus van ds Klapwijk. Die deelnemers neem graag deel en almal ervaar dat hulle ‘n bydrae kan maak. Elkeen dui self sleutel-woorde aan, sogenaamde merkers, en daarna word in groepsverband gewerk. In die evangelisasie-situasie van Belhar, waar die Bybel vanweë ‘n gebrek aan leesvaardigheid soms met minder begrip gelees word, het hierdie intensiewe besig wees met die teks die lig vir menige deelnemer laat opgaan en entoe-siasme vir Bybelstudie gekweek.

5. Teologiese vraagstelling aan en perspektief *op* die Bybel

Die doel is om tot insig en kritiese nadenke oor die kerk en die individuele gelowige se roeping te stimuleer, en gelowiges te motiveer om betrokke te wees in hulle gemeentes.

In Bellville is die Fakulteitsertifikaat van die Univer-siteit van die Vrystaat (UV) vir vyf jaar lank aange-bied saam met predikante en dosente van verskil-lende kerke.
In Bethal is in 2012 daarmee begin.
Dit bestaan uit vier modules wat oor twee jaar aange-bied word, een maal per week.
Die doel is om tot insig en kritiese nadenke oor die kerk en die individuele gelowige se roeping te stimu-leer, en gelowiges te motiveer om betrokke te wees in hulle gemeentes.
Die bestudering van die Ou en Nuwe Testament en die gesag van die Skrif gaan voorop. Die reëls vir die regte uitleg van die Skrif word bestudeer. Dit word gevolg deur ‘n module oor die gemeenskap van die heiliges – die sorg vir mekaar, en ‘n module oor leidinggewing en die regering van die kerk. Laastens word kortliks gekyk na die verskillende teologiese vakke en hoe dit die evangelie bestudeer.
Die student ontvang vir elke onderdeel van elke module ‘n handleiding. Die handleiding is natuurlik vanuit ‘n bepaalde teologiese hoek ingekleur, maar die fasiliteerder het ‘n vry hand om dit vanuit gerefor-meerde belydenis aan te bied en die inhoud by te

werk en waarde toe te voeg.
Beide in Belhar en in Bethal het mense van verskillende kerke vir die kursus ingeskryf. Daar word vrae gevra, bespreking gevoer en leiding gegee om met nuwe oë na die werk in God se diens te kyk.
Die kursus adverteer homself deur studente wat vertel watter invloed dit in hulle lewens het. Daar is alreeds belangstelling vir die volgende aanbieding in Bethal.
Klem word daarop gelê dat almal wat deelneem, wil hoor wat die Meester vir ons leer. Daarom is die begin en eindpunt die Woord van God. En is die deelnemers bereid om hulleself aan die Skrif aan te pas.
Dit bied die ideale geleentheid om verkeerde beskouings reg te stel, kritiese denke uit te lok en gelowiges te versterk in hulle diens aan die Here.

Besluit
Soms moet Bybelstudiemateriaal saamgestel word, soms is dit beskikbaar. Wanneer bestaande materiaal gebruik word, moet dit versigtig gedoen word en moet dit dikwels verwerk word om verantwoord te wees aan die gereformeerde belydenis.
Om onderrig te word en onderrig te gee in die Evangelie van ons Here Jesus Christus en om saam te groei in die kennis van Christus, is die mooi werk waarin die gemeenskap van die heiliges op aarde deel.

***Ds Hannes Breytenbach**, predikant van die Vrye Gereformeerde Kerk Bethal*

Digitale hulpmiddels vir Bybelstudie

Bybelstudie

Daar is ‘n magdom hulpmiddels vir Bybelstudie op die internet beskikbaar: Bybelvertalings, verklarings, kommentare, leesroosters, ens. Baie hiervan kan gratis afgelaai word, veral materiaal waarop daar geen kopiereg is nie of waar die kopiereg verval het. Vir materiaal met kopiereg kan jy gewoonlik ‘n digitale weergawe koop en direk van die internet aflaai.
Tradisioneel was die hulpmiddels gemik op werkstasies (sogenaamde ‘desktops’). Met die opkoms van tabletrekenaars (dink aan die iPad), slimfone en e-boeklesers (bv. die Kindle) is daar deesdae ‘n nog groter aanbod van programme of leesstof wat spesifiek vir hierdie toestelle ontwerp is. Dit is eintlik ‘n goeie teken dat daar so baie hulpmiddels beskikbaar is, want dit beteken dat daar ‘n behoefte aan is.
Maar tog kan jy oorweldig word deur die aantal opsies beskikbaar. Met watter hulpmiddels kan jy begin? Hierdie artikel hoop om ‘n paar riglyne te gee en aanbevelings maak. Dit is egter wel beperk tot die beoordeling van die hulpmiddels self en nie die materiaal (verskillende Bybelvertalings, kommentare, ens.) nie.

Werkstasies
Die bekendste hulpmiddel vir werkstasies is e-Sword wat gratis by http://www.e-sword.net afgelaai kan word. Die eerste uitgawe is in April 2000 vrygestel en sedertdien is dit al meer as 20 miljoen keer afgelaai. Ek kan hierdie program van harte aanbeveel. Vir die laaste weergawe (10.1) moet jy sowat 50Mb aflaai wat die King James-Bybelvertaling (1769), Treasury of Scripture Knowledge- verklaring (1834) en Strong’s Bible Dictionary (1890) insluit.

Met e-Sword kan jy maklik vir tekste soek, vertalings met mekaar vergelyk en kommentare op die spesifieke Skrifgedeelte lees. Daar is ook ander hulpmiddels soos woordeboeke, kaarte, Flavius Josephus se werke en Calvyn se Institusie wat gratis afgelaai kan word.
Daar is Bybels in meer as 40 tale (in sekere gevalle meerdere Bybels per taal) beskikbaar. Die meeste kan gratis afgelaai word, onder andere:

- Afrikaans Ou Vertaling (1933/1953)
- Nederlandse Statenvertaling (1750)
- English Standard Version (2001)
- Modern King James (1962)
- Geneva Bible (1560)
- Duitse Luther Bybel (1912)
- Griekse Septuaginta (1935)
- Hebreeuse Ou Testament (sonder jaartal) &

Nuwe Testament (1883)
- Latynse Vulgaat (405)

Van die Bybels wat aangekoop kan word (pryse vir Januarie 2013):
- Afrikaans Nuwe Vertaling (1975) US$4.99
- New International Version (1973) US$24.99

Daar is ook Engelse kommentare beskikbaar, waarvan 18 gratis en 15 aangekoop kan word. Van die gratis kommentare sluit in:
- Geneva Bible Translation Notes (1599)
- John Wesley's Notes on the Bible (1755)
- Keil & Delitzsch Commentary on the Old Testament (1866)
- Matthew Henry's Commentary on the Whole Bible (1708)

Aanbevelings:
- Installeer slegs die vertalings / kommentare wat jy weet jy gaan gebruik. Dit maak nie sin om alle gratis materiaal te installeer wat jy dalk eendag nodig gaan hê nie – dit maak die program net lomp. Installeer dit soos jy dit nodig kry.
- Oorweeg 'n donasie. Slegs 1% van alle mense wat die program aflaai, maak 'n donasie. Donasies is nodig vir internetkostes en verdere ontwikkeling van die program.
- As jy besig is met Bybelstudie, stop alle ander programme wat jou aandag kan aflei.

Daar is ook 'n aanlyn weergawe beskikbaar (e-Sword Live) wat jy kan gebruik as jy nie toegang tot jou eie rekenaar het nie. Die meeste gratis Bybelvertalings en kommentare is beskikbaar om te gebruik. Besoek gerus http://live.e-sword.net/app/.

Vir die iPad is daar e-Sword HD beskikbaar wat dieselfde funksionaliteit as die rekenaar-weergawe bied.

Selfone& tablette

Selfone raak al hoe kragtiger en word gewoonlik heeldag saam met jou gedra. Dit is dus amper altyd binne bereik en daarom ook 'n ideale platform om die Bybel daarop te kan lees. Weereens is daar 'n groot aanbod van programme beskikbaar. Ek volstaan by 'n eenvoudige program om die Bybel te kan lees en ook basiese soektogte te kan uitvoer, maar sonder enige ander hulpmiddels soos verklarings, ens. My gevoel is dat jy 'n groter skerm as 'n selfoon nodig het om behoorlik Bybelstudie te kan doen.

Op die webblad van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika kan jy gratis sagteware vir jou selfoon of tablet aflaai (http://www.bybelgenootskap.co.za/cellphone-bibles/the-bible-on-your-cellphone of http://m.bibles.co.za). Dit is geskryf vir selfone wat Java-programme kan loop (wat die meeste nuwe selfone kan doen) of vir die Android-bedryfstelsel. Die volgende vertalings is onder andere beskikbaar:

bybelgenootskap van suid-afrika
bible society of south africa

- Afrikaans Ou Vertaling (1933/1953)
- Afrikaans Nuwe Vertaling (1983)
- Die Bybel vir almal (2007)
- King James (1611)
- Noord-Sotho (1951)
- Suid-Sotho (1961)
- Xhosa (1975)
- Zoeloe (1893)

'n Ander gewilde program is die YouVersion Bible App (https://www.youversion.com of https://www.bible.com). Dit is ontwikkel deur die Life Covenant Church van Edmond, Oklahoma (VSA) as deel van hul evangelisasieprogram en is oorspronklik in 2008 vrygestel. Tot op hede is die program op meer as 57 miljoen toestelle geïnstalleer. Daar is Bybelvertalings in meer as 230 tale beskikbaar, ook heelwat meer moderne vertalings in vergelyking met e-Sword (almal gratis om te gebruik). Die nadeel is egter dat die meeste Bybelvertalings nie eenmalig afgelaai kan word nie en daarom 'n internetverbinding benodig om te kan werk. Voorbeelde van beskikbare vertalings:
- Afrikaans
  - Ou Vertaling (1933/1953)
  - Nuwe Vertaling (1983)
  - Die Bybel vir almal (2007)
  - Die Boodskap (2006)
  - Nuwe Lewende Vertaling (2006)
- Nederlands
  - Statenvertaling (1750)
  - Het Boek (1979)
  - NBG Vertaling (1951)
  - De Nieuwe Bijbelvertaling (2004)
- Engels
  - King James (1769)
  - Modern King James (1962)
  - English Standard Version (2001)
  - Contemporary English Version (1995)
  - Good News Bible (1992)
  - New International Version (1973)
  - New Living Translation (1996)

YouVersion kan ook op 'n webblaaier op 'n werkstasie gebruik word, soortgelyk aan e-Sword Live.

Kindle
Die Amazon Kindle is waarskynlik die bekendste e-boekleser en die enigste een waarmee ek al gewerk het. Dus gaan ek my kommentaar tot die Kindle beperk.
Daar is heelwat Bybels vir die Kindle te koop op Amazon se webwerf. Slegs die English Standard Version is op die oomblik gratis. Daar is ook kommentare beskikbaar, en dié sonder kopiereg kan gratis afgelaai word.
Ongelukkig is daar geen amptelike Kindle weergawe van die Bybel in Afrikaans beskikbaar nie, maar die Bybelgenootskap van Suid-Afrika is in gesprek met Amazon om dit in Kindle-formaat vry te stel. Ongelukkig is geen datum hiervoor beskikbaar nie.

***Johan Bijker**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad*

Die Emmaüs-kursus

Bybelstudie

Hoe het ek daar uitgekom? Hoe het ek dit ervaar en wat het dit vir my beteken?
Ek het gehoor en geweet van die kursus, maar was glad nie van plan om dit by te woon nie. Ek het toe aangebied om saam my suster te gaan, en is ons nie bly nie! Ons was saam op die pad en waarheen sou dit ons lei? Niemand het geweet nie. Vyftien onderwerpe, vyftien weke later en een groot Emmaüs-Familie – dit was net die begin!
As gevolg van die kursus het ek en my sussie gedagtes gevorm oor ons God. Sy bestaan, sy Seun Jesus Christus – ons Verlosser – en die Heilige Gees – wat in ons woon. Aand na aand en week na week was ons emosies gevul met verwondering van hoe geseënd ons is om Christene te wees, en om onsself verbondskinders te kan noem. Ons het die geleentheid gehad om wonderlike mense te ontmoet, en ook saam met hulle te bid, Bybel te lees en saam te praat oor wat dit beteken om lid te wees van ‘n kerk. En deur lid te wees van die kerk te leer hoe om volgens God se wil te lewe.
Ons het saam met die Emmaüs-Familie geeët aan die begin van die kurus, en die kursus ook so afgesluit. Maar die band wat ons almal met mekaar gevorm het, en gehad het deur die kursus, was vir ons onbeskryflik.
Die kursus was ‘n groot sukses en as kursusgangers kan ons dit aanbeveel vir enigiemand wat nader aan ons Skepper wil lewe.
Dankie aan ds Jelle Drijfhout en ds Erik van Alten.
Dankie Emmaüs-Familie. Ons mis julle!

***Sharleen Bron**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata*

Die redaksie wil net graag die volgende noem: Die Emmauskursus is ‘n evangelisasiekursus. Die doel is om mense by die kerk te betrek. Met die woord Emmaus Familie word nie bedoel dat die Emmauskursus ‘n groep gelowiges binne die kerk wil vorm nie. Hulle wil juis deel van die kerk wees.

Donderdag 4 April 2013 DV sal daar weer ’n Emmaüs-kursus begin. As u belangstel om dit by te woon, of u wil graag meer inligting hê oor hierdie kursus, kan u ds Jelle Drijfhout kontak by 012 331 0568 of jj.drijfhout@vgk.org.za

Onderhoud met ds J R Visser

Predikant van die Gereformeerde Kerk (Vrijgemaakt) Dronten-Noord, Nederland

Onderhoude en verslae

Die eerste wat ons hier wil sê, is dat ons bly is om iets van ons te kan laat hoor. Ons dink nog altyd met groot vreugde terug aan ons tyd in Suid-Afrika. Ons harte gaan nog so baie na julle en die land en sy mense uit. Ons voel dikwels meer soos Suid-Afrikaners as soos Nederlanders.

Sig op Suid Afrika in die Nederlandse pers

- **Owerheid & politiek: Is Suid-Afrika nog dikwels in die nuus?**

Ons kan nie sê dat Suid-Afrika meer in die nuus is as ander lande nie. As ons oor Suid-Afrika lees, is dit oor die stakings of oor die geweld in die land. Ons het hier bv. ook oor Malema en wat met hom gebeur het, gelees. Nogtans kan jy vanuit die nuus in Nederland nie 'n goeie beeld van Suid-Afrika kry nie. Mense is ook baie verbaas as ons vertel dat ons 'n baie mooi tyd in Suid-Afrika gehad het en ook nou nog daarna verlang.

- **Afrikaanse taal: Is daar in Nederland meer waardering vir die Afrikaanse taal?**

Ons hoor eintlik baie min oor die Afrikaanse taal in Nederland. Jy hoor wel dat veral ouer mense graag na Suid-Afrika gaan om vakansie te hou, omdat jy jou daar as Nederlander verstaanbaar kan maak en ook mense wat Afrikaans praat, kan verstaan.

- **Vrye Gereformeerde Kerke (VGK): Word kerklike nuus oor die VGK in Suid-Afrika, buiten sendingnuus, in die pers gedek?**

Ons hoor in Nederland baie min oor die VGK. 'n Mens moet die *Kompas* lees of kontakte in die VGK hê om 'n bietjie te verstaan wat aangaan. Ons kom agter dat dit altyd moeilik is om vanuit 'n ander land en 'n ander kerklike situasie te weet wat regtig in die ander land gebeur.

- **GKSA: Hoe verloop die susterkerk-verhouding met die GKSA in die praktyk?**

Kontakte met Suid-Afrika?
Dit lyk asof ook die kontakte met die GKSA nie meer of anders is as met die VGK nie. Ons hoor hier in Nederland ook baie min oor die GKSA. Die dinge wat ons daarvan weet, is omdat ons self op die internet kyk of deur persoonlike kontakte wat ons gelukkig altyd nog het.

- **Het u nog persoonlike kontakte met kollegas in Suid-Afrika?**

Dit is regtig goed om nog altyd kontakte met kollegas in Suid-Afrika te hê. Ons het altyd gevoel dat ons 'n sterk geestelike band met mekaar het. Ook met meerdere kollegas buite die VGK. Dit is heerlik om mekaar te praat en dan te voel hoe die geestelike band daar is. Dat ons saam in liefde vir Christus vanuit die Woord die gemeentes wil lei en ook in die persoonlike lewe vir die HERE wil lewe.
'n Kontak wat ook altyd nog bestaan, is dié met ds Hendrik Hefer. Hy kom elke jaar Nederland toe en besoek ons altyd weer en gaan soms 'n paar dae by ons tuis.
Soms is daar ook 'n onverwagte kontak. Soos 'n tydjie gelede toe ek in Sint Jansklooster gepreek het en ds Gerard Meijer in die kerk sien sit. Hoe goed is dit dan om met mekaar te praat en te hoor hoe ons saam die liefde vir die evangelie en die gereformeerde belydenis deel.

- **U was self 'n immigrant-predikant. Hoe beoordeel u daardie tyd? Positief en negatief.**

Die antwoord op hierdie vraag is vir ons 'n maklike een. Ons het dit so geniet in Suid-Afrika. Ons het ook so baie liefde en warmte ontvang toe ons as immigrante gekom het. Ons dank die HERE vir die tyd wat ons in Pretoria kon werk. Toe ons verlede

jaar weer almal vir 4 weke in Suid-Afrika was, het dit gevoel of ons weer by die huis is.

Skuldkrisis in Europa

- **Is daar baie werkloosheid in Nederland?**

Die werkloosheid in Nederland begin nou meer raak. Ons begin die gevolge van die skuldkrisis al meer voel. Ook in die besnoeiings wat die regering deurvoer. Mense begin dit aan hul sakke voel en ook in die versorging begin 'n mens dit agterkom. Die werkloosheid is net meer as 6% van die beroepsbevolking. Nogtans kan ons nie kla nie. Ons leef hier nog in 'n baie welvarende land.

- **Verhoogde pensioenleeftyd? Redes daarvoor, moontlik a.g.v. kleiner gesinne?**

Die pensioenleeftyd gaan in fases verhoog word na 67 jaar. In 2021 sal die pensioenleeftyd dan 67 jaar wees. Vir myself beteken dit dat ek op 67 jaar, en nie meer op 65 nie, pensioen gaan kry. Die redes hiervoor is dat die bevolking so vergrys dat dit nie meer betaal kan word om mense op 65 jaar met pensioen te laat gaan nie. Daarby kom nog dat die leeftyd waarop mense sterf, al hoër word. Mense kry dus langer pensioen en dit moet betaal kan word.

- **Wat is die inpak op die gewone mens (minder buitelandse vakansies of strek dit verder)?**

Ons sien nou dat mense minder met vakansie gaan. Dit is ook al jare so dat mense minder uitgee in die winkels. Dit is een van die redes hoekom die Nederlanse ekonomie krimp. Veral as dit gaan om groot aankope. 'n Ander saak is dat die huise in Nederland minder werd word en minder verkoop word. Ook die bou van huise stagneer, waardeur baie bouers bankrot raak.

Kerklike ontwikkelings in Nederland

- **Bekommernisse van buitelandse susterkerke. Hoe word dit in Nederland beoordeel?**

Die bekommernisse van die susterkerke in die buiteland speel hier nie 'n groot rol nie. Baie mense is van mening dat die buitelandse kerke konserwatief is en daarom met sulke kritiek vorendag kom. Die buitelandse kerke sou meer vertroue moet hê en sou nie mooi weet wat aangaan nie. Die besware word eintlik nie gehoor nie.
Nogtans is die kerklike situasie sorgwekkend. Sonder om te sê dat 'n mens nie ook mooi dinge sien gebeur nie. Ons sien hoe die Gees ook in die kerke wonderlike dinge werk en mense in diepe trou by die Woord bewaar. Ons sien hoe jongmense deur die evangelie gegryp word en dit ook wil uitleef. Nogtans sien jy in die kerke 'n aanpassing by die wêreld. Byvoorbeeld as dit gaan om die homoseksuele praktyk, om die vrou in die amp, om die saamwoon sonder om getroud te wees. Dit is maar 'n paar voorbeelde. 'n Mens sien dit ook in 'n optimistiese mensbeeld. Jy moet positief oor die mens in die prediking spreek. As jy in die preek die sonde en die bekering, die eis van die verbond duidelik na vore bring, is die kans groot dat 'n deel van die gemeente kritiek daarop sal hê. Die gevolg is o.a. dat mense daarom na evangeliese gemeentes vertrek. Of dat predikante wat vanuit die Skrif oproep tot geloof en bekering, probleme ervaar. 'n Ander kommerwekkende punt is dat 'n deel van die mense in die kerk nie baie belangstelling daarvoor het om verryk te word in die kennis van die HERE nie. Hulle wil geraak word. Die kennis van die Woord van die HERE vind hulle nie so belangrik nie. Dan is die preek gou te moeilik.

Onlangse publikasies / perswerk / webwerwe

- **Is daar temas of sake wat u in die afgelope maande besig gehou het?**

Die afgelope tyd het die dinge wat ek sopas genoem het, ons baie besig gehou. Jy soek en bid steeds weer daaroor hoe jy vanuit die prediking, die kategese en die gesprekke die leiding van die Woord in hierdie situasie kan gee. Dit vra om biddend te luister na die Woord, elke dag weer. Dit vra om die kennis van jou eie tyd en die mense wat in hierdie tyd leef. Die doel daarvan is om mekaar steeds weer in die lig van God se Woord, van Christus se liefde, aan te spreek. Daarby is dit so belangrik dat ons nie ons eie beeld van God en Christus wil volg nie, maar die HERE soos Hy Homself in Sy Woord openbaar.
Self probeer ek om dit in die eerste plek in die prediking en die kategese te doen. Somtyds ook deur iets te skryf soos op www.gereformeerdekerkblijven.nl en www.evangeliebelijder.mysites.nl . By dit alles bly dit belangrik dat ons altyd weer terug gaan na God se eie Woord. Daarom het ek in die laaste jare boekies geskryf oor Prediker (al eerder in Afrikaans verskyn) en Hooglied. 'n Boekie oor Daniël is

geskryf en is tans by die uitgewer. Ook ‘n verklaring van Haggai is pas klaar geskryf.

- **Uitdagings vir die gereformeerde teologie vandag?**

Die uitdagings vir die gereformeerde teologie is groot! Wat ‘n rykdom het ons daarin gekry. Dit is nie nodig en ook nie goed om net verdedigend te wees nie. Ons kan in hierdie tyd juis wys wat die rykdom van die gereformeerde teologie is. Die ontdekkende rykdom dat ‘n mens en ook die mense saam dit in hierdie wêreld nie kan regkry nie. Juis die gereformeerde teologie wys wat die oorsaak van al die geweld en probleme in die wêreld is. Dit wys ook wat die regte wysheid is. In ‘n tyd waarin baie mense hulle troos daarin soek dat hulle kontakte op bv. *facebook* het en dat hulle so gou eensaam voel, kan ons daarop wys wat ‘n rykdom dit is om die HERE te ken. Die rykdom van die kennis van Christus as die Verlosser en die Koning wat die geskiedenis na die nuwe hemel en die nuwe aarde lei.
Ons moet ons juis weer verdiep in die Skrif en daaruit haal die skatte wat die Gees daarin gelê het vir alle tye. Ek sou nog so baie wou en kon sê oor die rykdom juis van die gereformeerde teologie en juis vir ons tyd. Daarvoor is daar nie nou genoeg plek nie. Ons moet daaraan werk, en hoe goed sou dit nie wees as ‘n mens die tyd daarvoor sou hê nie. Jy word nou dikwels so in beslag geneem deur aan verkeerde dinge aandag te gee en dan te prober om dit weer om te buig.

- **Moontlike lesse vir ons in Suid-Afrika?**

Die belangrikste les is om saam vanuit die verbond met die HERE, vanuit die Woord van God, saam van sy Gees te leer. Om saam al meer die Drie-enige God te ken en dit uit te dra en daaruit te leef. Dan sien jy die grootheid van die HERE, dan het ‘n mens nie behoefte om krities teenoor die Woord te staan nie, maar dan leer jy om vol verwondering God se groot dade te sien en daarom in liefde vir Hom en jou naaste te leef. Dan wil jy ook graag hierdie evangelie uitdra.

Ons hoop om julle weer in Suid-Afrika te sien. Ons bid julle die HERE se rykste seën toe.

***Douwe Drijfhout**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria*

Ons kosbare tyd

In Pers-pektief

Tydsbesef

Met die wisseling van die jaar staan ons weer nadruklik stil by die verloop van tyd. ’n Volle ou jaar lê agter ons: het ons dit gedoen wat ons wou doen en was dit wat ons gedoen het nuttig? ‘n Nuwe jaar lê voor: hoe gaan ons ons tyd daarin gebruik, vir onsself, vir ander, vir God? Op Oujaarsaand lees ons dikwels Psalm 90, ‘n gebed van Moses, oor die menslike lewe wat so verganklik en kort is. “Ons jare skiet verby soos ’n gedagte”. Maar die psalm is nie net ’n waarneming of bepeinsing nie, dis ook nadruklik ’n gebed tot die Here: “Leer ons ons dae so gebruik dat ons wysheid bekom”. “Skenk ons elke dag u liefde in oorvloed, dat ons ons lewe lank mag juig en bly wees”. “Laat u werk vir ons duidelik word en u grootheid vir ons kinders”. ’n Psalm wat dus nadruklik wys op ons bestaan as mense in die tyd en wat ons help om ons tyd goed te gebruik.

In *Die Burger* van 2 Januarie 2013 het prof Anton van Niekerk (filosofie, Stellenbosch) ’n bydrae gelewer onder die opskrif: “Ons bestaan in tyd”. Hy haal Kant, Augustinus, Einstein, Totius en Berkouwer aan en werp sy filosofiese lig op die skepping, die oerknal, profesieë van die eindtyd en die Bybelboek Openbaring. Sy stelling is dat met die skepping of die oerknal die ruimte-tyd, as ’n onlosmaaklike kombinasie, ontstaan het. Daarvoor en daarbuite (waar God woon) bestaan geen ruimte-tyd nie.

Hy stel dat tyd alles wat ons as mense doen, oorheers. Ons ervaar tyd nie as ‘n afsonderlike verskyn-

sel nie, maar in die dinge wat gebeur. Tyd bepaal wat verlede, hede en toekoms is. Die hede is die einde van die verlede en die begin van die toekoms. Dit skuif steeds aan en tyd kan nie omgekeer of vertraag word nie. Tyd is volgens Kant 'n kenmerk van ons bewussyn waardeur ons probeer sin maak van die wêreld waarin ons lewe, om begrypend en georiënteerd te lewe. Dit help ons bv. om oorsaak en gevolg te verstaan. Maar tyd is ook die voortdurende herinnering dat die wêreld nie ons permanente woning is nie (Totius). Dit verleen erns en dringendheid aan ons bestaan.

Prof van Niekerk stel dat ons almal "besoekers" is aan hierdie wêreld van ruimte-tyd, waaruit ons kort voor lank weer vertrek. Daar was 'n tyd toe ons nog nie was nie en daar kom 'n tyd dat ons nie meer sal wees nie. Hy haal (implisiet) Efesiërs 5:16 aan waar Paulus die lesers oproep om "die tyd uit te koop" (1933-vertaling). Die 1983-vertaling gee dit weer as "maak die beste gebruik van elke geleentheid". Volgens prof Van Niekerk is tyd ons kosbaarste besitting. "As jy vir iemand tyd gee, gee jy vir hom of haar 'n deel van jou lewe". Jesus het sy hele lewe, al sy tyd, vir ons gegee. Aldus prof Van Niekerk.

Die Christen se tyd

'n Groot deel van die lewe en tyd van die gelowige word in beslag geneem deur die Goddelike skeppings-opdragte van *kultuurarbeid en rentmeesterskap* – die werk van ons hande.

Die nuwe jaar lê vir ons voor. 'n Jaar met 365 dae. Dit is deel van ons verantwoordelikheid om al hierdie dae, hierdie tyd, goed te gebruik, uit te koop. Ons kan nie tyd bykoop nie, ons kan slegs dit wat ons almal in gelyke mate ontvang, nuttig, sinloos of verkwistend gebruik. Die nut en die sinvolheid van die gebruik van ons tyd word bepaal deur ons diepste oortuigings. As Christene glo ons in God wat ons bestaan bepaal en daaraan sin gee. Maar dit sluit ons verantwoordelikheid nadruklik in.

Die laaste bede van Psalm 90 is of God die werk van ons hande in stand wil hou (nog versterk deur herhaling). 'n Groot deel van die lewe en tyd van die gelowige word in beslag geneem deur die Goddelike skeppings-opdragte van *kultuurarbeid en rentmeesterskap* – die werk van ons hande. Blykbaar besef die digter van Psalm 90 hoe frustrerend dit is as dinge wat jy opgebou het, waarvoor jy gewerk het, en wat jy ook gedoen het tot eer aan jou Skepper, deur ander weer afgebreek word.

Prediker het ook die besef gehaat dat hy alles wat hy in die wêreld opgebou het, moet nalaat aan ander en dat hy nie weet wat hulle daarmee sal maak nie (Pred 2:18, 21). Maar dit is na jou dood en dit bekommer ons deurgaans nie te erg nie. Ons wil graag iets opbou wat stand hou tydens ons lewe, ook vir ons huidige *materiële welsyn*. Dit is menslik en vra 'n groot deel van ons tyd. Maar tydens jou lewe kan jy ook alles verloor en kan dit wat jy opgebou het, weer deur ander of iets anders afgebreek word.

Dit kan gebeur deur natuurrampe soos tsoenami's, aardbewings, vulkaanuitbarstings, modderstortings, oorstromings, droogtes of weerlig. Dit kan ook gebeur deur menslike nalatigheid, bv. deur 'n onopsetlike brand soos in plakkerskampe, of deur opsetlike menslike toedoen, bv. deur brandstigting, rewolusie, oorlog of plundertogte deur vyande (soos in die Ou Testament). In sommige gevalle kan jy dan weer van voor af begin opbou (bv. as die brand, oorstroming of oorlog verby is), maar in ander gevalle moet jy as vlugteling maar na elders trek. Die gebed van Psalm 90:17 is om die Here te vra om hierdie materiële onheile af te wend.

'n Belangrike deel van die besteding van ons tyd moet egter ook gerig wees op ons *geestelike heil*.

'n Belangrike deel van die besteding van ons tyd moet egter ook gerig wees op ons *geestelike heil*. Psalm 90:12 roep ons op om ons dae so te gebruik dat ons wysheid bekom. Dit is dan die wysheid om God reg te dien, om Hom en ons naaste lief te hê. Invulling oor hoe dit prakties gedoen kan word, gee Paulus in Efesiërs 5: 8-20 : leef as mense van die lig. In hierdie verband noem hy dan ook "koop die tyd uit", maak die beste gebruik van jou tyd en geleenthede, want ons lewe in 'n goddelose tyd (vs. 16). Laat julle vervul met die Gees, sing en dank God die Vader in die Naam van ons Here Jesus Christus (vs. 18-20).

Hierdie opdrag kan meer as ons beskikbare tyd vul. Die meeste van ons het die gevoel dat ons tyd vir die dinge wat ons moet of wil doen, te min is. Ons lewe is te kort. God het in sy wysheid ons egter in die tyd geplaas, ons daaraan onderwerp en ons slegs 'n beperkte voorraad tyd gegee: 24 uur per

Stigting Woord en Wandel
(Eienaar & Uitgewer)
Gilles de Jager (voorsitter)
Berend Kamphuis
Dr Gerard Hagg
Louise Ros (administrasie)

Posbus 31141, Totiusdal, 0134
Tel: 012 332 0127
Faks: 086 651 9719
E-pos (stigting & administrasie):
kompas.admin@vgk.org.za

Drukker:
Printburo (tel: 012 335 9134)

Redaksie:
Prof Hans Boon (eindredakteur)
Douwe Drijfhout
Gerhard Bijker
Marja Danielz
Heleen Snijder

Subredakteurs:
Leer & Lewe:
Venster op die Bybel:
Wetenskap & Tegnologie:
Johan Bijker
In Perspektief:
Hans Moes

Bladuitleg:
Ilze van Houwelingen

Taalversorging:
Magriet de Mooij en Marijna Bijker

Webmeester:
Willemien Kleijn

Redaksieadres:
19de Laan 560,
Rietfontein, 0084
E-pos: kompas@vgk.org.za

Advertensies:
Navrae by die Administrasie

Elektroniese betalings:
Kompas, Capitec Rietfontein
Takkode: 47 00 10
Rek nr: 132 884 5972
Tjeks moet asb. uitgemaak aan L. Ros.
Onthou asb. om u lidnommer waar moontlik te gebruik by betalings. Betaalbaar voor/op 28 Feb 2013 asb.

Intekengelde (per jaar):
RSA per e-pos: R60
RSA per hand: R120
RSA per pos: R160
Buiteland per e-pos: €10
Buiteland per seepos: €30
Buiteland per lugpos: €40

http://kompas.vgk.org.za/

Intekening moet asseblief skriftelik gekanselleer word.

dag en 365 dae per jaar. Ons moet binne hierdie beperkte tyd ons take, verpligtings en prioriteite reg bepaal. Dus beslis geen sinlose verkwisting van jou tyd nie. Maar jy kan ook nie alles doen wat jy as Christen sou wou doen nie. Dit sou van jou lewe 'n gejaag maak.

Elkeen van ons het ander gawes van die Here ontvang. Die een het wysheid of is slim en kan meer werk in dieselfde tyd verrig as 'n ander. 'n Ander kan goed konsentreer, weer 'n ander kan dit wat hy wil doen, effektief uitvoer. Maar watter gawes ons ook al het, al dink ons ook ons het min, ons moet tog ons tyd vrugbaar gebruik, sodat ons later kan hoor: "Welgedaan, getroue dienskneg ..." (Matt 25: 21, 23).

Ons is ook nie op ons eie in hierdie wêreld nie. Binne die kerkgemeenskap is ons almal, met ons onderskeie gawes, lede van dieselfde liggaam en funksioneer ons saam met ander. Ook in hierdie opsig is die geheel meer as die optelsom van die afsonderlike lede (1 Kor 12). Bepaal dus wat jou belangrikste take en verantwoordelikhede is, beplan daarvoor en voer dit uit, alles met gebed, ywer en toewyding. So koop jy die tyd uit. Dan kan jy die Here se seën verwag, ook in die jaar 2013 wat voorlê.

***Hans Moes**, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad*

In *Kompas* Desember2012/Januarie 2013 het onder die artikel *In Perspektief: Sosiale Kruispunt* per abuis 'n verkeerde naam van die skrywer verskyn. Die skrywer van hierdie artikel was Hans Moes, lidmaat van die Vrye Gereformeerde Kerk Kaapstad. Die redaksie bied verskoning aan vir hierdie fout.